## 14 Augustus — Matteus 5:43-48

### *Wees volmaak in 'n gebroke wêreld*

'n Ouer kan sy kind se moed breek as hy hoër eise aan hom stel as waar hy kan bykom. Frustreer ons Hemelse Vader ons nie op dieselfde manier met hierdie geweldige eis van volmaaktheid nie? Is dit nie dalk die rede waarom baie Christene nie kan volhou nie en uiteindelik uitbreek soos kinders van wie te veel verwag word? Ons sal altyd so voel as ons nie ons posisie in hierdie wêreld as wedergebore Christene reg verstaan nie. Ons is nuwe mense deur die genade van ons Here Jesus Christus. Dit wil sê ons is unieke en besondere mense. Wanneer ons faal in wat ons doen is dit omdat ons nie die uniekheid van ons Christenskap besef en waardeer nie. Ons kan hierdie uniekheid op twee maniere beskryf: 'n Christen is uniek in die sin dat hy heeltemal anders is (verse 46 en 47). Hy is in staat om baie meer te doen as 'n gewone mens. Maar, hy is nie net anders nie; hy is soos God self (vers 48). Ons word opgeroep om in ons daaglikse lewe in hierdie stukkende wêreld die belangrikste eienskap van God uit te beeld - volmaaktheid.

Hoe hanteer ons dan nou hierdie gebroke wêreld waarin ons leef? Hy is Lig en ons is sy sterre wat sy lig in die donker nag van hierdie wêreld moet weerkaats. So sal elkeen uiteindelik sy knie voor die lewende God buig en erken dat Hy waarlik God is. Sy volmaakte krag straal in ons in en ons straal dit uit.

Sing: Gesang 77:1
(nuwe Skrifberyming van Jesaja 9:1-6)

Ds. M.E. Schalekamp
(Potchefstroom-Mooirivier)